

# Koejawel Nuus

## Koejawel Produsente Vereniging Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road  
PAARL 7646  
Posbus 426 P O Box  
PAARL 7620

☎ [021 872-1501  
Fax [021] 872-2675  
✉ : victor@guavas.co.za  
🌐 : www.guavaproducers.co.za

Redakteur/ Editor Wiehahn Victor

---

## Inhoudsopgawe / Index

	Bladsy
Inhoudsopgawe	1
Chemiese Suiwering in die Bedryf	2
Boomsensus 2016	2
Fruit Fly Control Strategy	3 - 4
Uitbreiding van die Koejawelteelprogram	5 - 6
Fruittips	7
Verbruikerstudie Olimpiade	8
Dieselrebat	8

## **CHEMIESE SPUITSTOWWE IN DIE BEDRYF**

Chemiese Smitstof ontledings op vars koejawels is baie belangrik vir die bedryf. Die markplek (nasionaal en internasionaal) verwag verantwoordelike optrede met die gebruik van chemiese spuitstowwe, asook die toetsing van residue vlakke op die vrugte.

Die ontleding van die bedryf se vrugmonsters vir chemiese spuitstowwe word tans by Hearshaw and Kinnes Analytical Laboratory gedoen en vir Swaarmetale by Bemlab. Die monsterlewering geskied een maal per week en uitslae aan die fabriek gelewer vir voldoening aan oudits. In die geval van oorskrydings moet die betrokke produsent onmiddellik gekontak word vir verdere aksies.

Vrugmonster neming vir residu ontleding moet aan die volgende voldoen.

- Elke monster moet duidelik gemerk wees met die volgende inligting, datum, naam van plaas en eienaar, asook boordnommer.
- Pluk/ neem 'n monster van 10 - 15 vrugte (1 - 1,5kg) vrugte.
- Vermy vrugte in die buitenste rye wat meer blootgestel is aan stof, windlanings en "drift" van ander chemiese bespuitings.
- Hou rekords van monsterneming, asook spuitstowwe gebruik.

## **BOOMSENSUS 2016**

Die Koejawel Produsente Vereniging wil graag gedurende Augustus 2016 'n boomsensus opname van koejawelbome en hektare doen. Die huidige statistiek is nie op datum nie en verskeie boorde is intussen uitgetrek en nuwes aangeplant.

Dit is van uiterste belang vir beplanningsdoeleindes om te weet hoeveel bome en hektare in die bedryf is. Om te verseker dat vraag en aanbod van koejawels balanseer word inligting benodig.

Vraag en aanbod op sy beurt bepaal die prys van koejawels op die markplek behaal.

Elke koejawel produsent se samewerking word dus gevra om die boomsensus so volledige moontlik in te vul. Hierdie statistiek sal vertroulik hanteer word en slegs opsommende gemiddelde syfers sal gebruik word deur die bedryf.

# **FRUIT FLY CONTROL STRATEGY**

With pressure on producers growing steadily to produce good quality fruit that meet stringent phyto-sanitary and environmental requirements, as well as the fact that products need to be produced in as cost effective manner as possible, there is an international trend of moving away from conventional pest control techniques toward Area Wide Integrated Pest Management (AW-IPM) strategies. For the above mentioned reasons, South African deciduous fruit producers have also taken up AW-IPM programs at an increasing rate during the past couple of seasons. During the referendum, held during April 2016, on statutory levies to fund such programs in various fruit producing regions in the Western-, Eastern- and Northern Cape ±9 600 hectares were voted to be added to the areas that are already serviced by FruitFly Africa.

“The objective of area-wide control is to reduce the pest population within the target area to a non-economic level. This is accomplished by attacking the entire insect pest population in the target area”. A population growth model developed by E.F. Knipling in 1972 showed that “uniform suppressive pressure applied against the total population of a pest over a period of generations will achieve greater suppression than a higher level of control on most, but not all, of the population, each generation.”

An effective AW-IPM program consists of various control techniques including:

- Monitoring (the cornerstone of any successful fruit fly control strategy);
- Hotspot control (using control measures in areas with high fruit fly populations, even if they are not situated within commercial orchards);
- Winter programs (Fruit flies survive the winter outside the orchard in alternative hosts. Controlling these populations during this period will reduce the initial population in the spring time and thus the potential population for the coming season);
- Year round baiting of host plants that have ripening fruits or berries;
- The use of attract-and-kill bait stations in hosts plant with ripening fruit;
- Area wide aerial baiting represents a very effective means of controlling populations through targeting the whole population in the area (this ties into the population control strategy results described by Knipling as mentioned above);
- The sterile insect technique (SIT) also represents an environmentally friendly, species specific and cost effective means of control measure if utilized on an area wide basis.

As mentioned, monitoring is an important part of any fruit fly control strategy. This is also true when it comes to mitigating the risks posed by invasive species such as *Bactrocera dorsalis* (BD). BD is a pest of phytosanitary importance and just like *Ceratitidis capitata* (Medfly) and is subject to inspection with a zero percentage tolerance to interception in export markets. Other than market access problems, BD is also a highly aggressive fruit fly that can have devastating quality effects on a wide range of hosts. It has been shown that if left untreated it can cause 70% - 100% crop damage to preferred hosts such as Mangoes. For these reasons this fruit fly can have a vast economic impact on fruit production regions.

Because of these adverse economic effects and the fact that the pest is classified as an invasive species, and present only in some areas in South Africa, BD is subject to eradication should specimens be detected through the surveillance network in an area. Once a single BD specimen is caught in a Metyl Eugenol (ME)- or Biolure trap, a delimiting survey will be initiated in the area and quarantine measures put into place by the Department of Agriculture, Forestry & Fisheries (DAFF). If a second fly is caught during this delimiting survey actions for eradication are initialized. Actions in the eradication process include the Male Annihilation Technique (MAT), Protein Baiting and Orchard Sanitation. For full surveillance and eradication protocols please feel free to contact FruitFly Africa at the contact details given below. It is important to note that the cost of eradication rises as population levels of the pest increases. Early detection is thus of the utmost importance to ensure not only the exclusion of the pest from an area, but also a cost effective means of eradicating this invasive species should it enter an area.

Fruit flies are a pest of increasing economic concern to the South African fruit industry and the control thereof should be a priority to all producers. Area wide cooperation in this regard will not only reduce the risks associated with this pest, but also represent a more cost effective means of combating this insect for all producers. Following the guidelines as set out above would be the first steps in realizing effective population suppression of fruit flies.



**For any further information, please feel free to contact**

**FruitFly Africa at 021 882 9541 or [nando@fruitfly.co.za](mailto:nando@fruitfly.co.za)**

**Nando Baard**

# **UITBREIDING VAN DIE KOEJAWELTEELPROGRAM NA DIE WES-KAAP**

S. Willemse & C.F. Human

Lanbounavorsingsraad - Tropiese en Subtropiese Gewasse  
Privaatsak X11208, Nelspruit, 1200, Tel. nr: 013 753 7000/7145

E-pos: [salomie@arc.agric.za](mailto:salomie@arc.agric.za)


Die Wes-Kaap was in die verlede en is ook huidiglik een van die grootste koejawel produksiegebiede in Suid-Afrika. Koejawelverwelksiekte in die Noorde is 'n uiters groot probleem en al hoe meer koejawel produsente in die Noorde verruil koejawelproduksie vir ander gewasse soos makadamia neute. Die koejawelteelprogram by die LNR-TSG se hooffokus is nog steeds om 'n weerstandbiedende kultivar teen koejawelverwelksiekte te vind maar in die proses duik belowende seleksies op wat nie noodwendig weerstandbiedend is nie maar wat potensiaal toon rakende verbeterde interne gehalte. Daar is besluit om van hierdie seleksies in die Wes-Kaap te evalueer en 36 seleksies is verlede jaar November op Infruitec se proefplaas in Robertson gevestig asook die twee kommersiële kultivars, 'Fan Retief' en 'TS-G2'. Die meeste plantjies wat in die boord uitgeplant is was baie klein, ongeveer 5 – 10cm groot, en 75 het gevrek en sal vervang moet word. Die res van die boompies groei goed (Figuur 1). Die dooie boompies sal Augustus 2016 vervang word.

Daar word beplan om 'n tweede lading belowende seleksies op Robertson te vestig. Dieselfde proses sal gevolg word om te verseker dat koejawelverwelksiekte nie na die Wes-Kaap versprei nie. Steggies word gemaak vanaf bome wat in die LNR-TSG se kwekery op 'TS-G2' onderstamme geënt is, wat direk vanaf Du Roi Multiplant verkry word. Die bome is in die kwekery geënt en was nie in kontak met enige boorde nie. Du Roi Multiplant word ook jaarliks geïnspekteer en monsters word getrek en getoets by die LNR-TSG om te verseker dat skoon, gesonde bome aan die koejawelbedryf verkoop word. Die steggies word in vermukuliet geplaas in 'n misbed by die Biotegnologie laboratorium en van daar af sal dit direk na Infruitec se kwekery vervoer word. By Infruitec word die bewortelde steggies in 'n gesteriliseerde medium oorgeplant en vandaar af in die boord op Robertson. Wanneer die steggies gesny word, word monsters ook gevat en getoets in die Patologie laboratorium van die LNR-TSG om seker te maak dat die plantmateriaal skoon is. Die steggies sal nie na die Wes-Kaap vervoer word nie voordat die uitslag van hierdie toetsresultate verkry is nie. 'n Vervoerpermit vanaf Plantbeskerming sal ook weer verkry word voordat die tweede lading steggies na die Kaap vervoer word.



Daar word ook beplan om twee koejawel genebanke te vestig naamlik een op Robertson proefplaas en een op die LNR-TSG se kampus. Omdat Malalane proefplaas, ongeveer 75km vanaf Nelspruit, gesluit het, is alle belowende koejawelseleksies asook die koejawel genebank op 'TS-G2' onderstamme in die kwekery op Nelspruit geënt. Hierdie bome staan nog steeds in die kwekery en die genebank gaan in September 2016 in potte geplant en onderhou word op Nelspruit in 'n nuut gevestigde struktuur. (Figuur 2).



Die tweede genebank gaan ook deur middel van die steggiese metode op Robertson in die boord gevestig word. Die doel van die tweede genebank is dat kruisings op Robertson gedoen kan word en sodoende kan 'n teelprogram in die Wes-Kaap begin word. Die vervoer van koejawelmateriaal vanaf die noorde na die suide word dus heeltemal uitgeskakel. Sodra die bome in potte op Nelspruit kampus gevestig is, sal daar weer met die steggiese proses begin word om die tweede genebank in die Wes-Kaap te vestig. Foto's van die nuutste toevoegings tot die koejawel genebank kan in Figure 3a, b en c gesien word. Hierdie kultivars is deur middel van saad ingevoer vanaf die U.S. Department of Agriculture in Hawaii.



**Figuur 1** Belowende koejawelseleksies op Robertson, 4 maande na plant



**Figure 3a, b en c** Nuutste toevoegings tot die koejawelgenebank

# FRUITLIPS



Tydens 2013 voltooi ek by die Universiteit van Stellenbosch se Besigheids Skool (USB) die Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en – Administrasie. Die taak vir my finale tesis was 'n besigheidplan en is daar besluit om ons besigheidsdroom, **Soul Food**, neer te pen.

Oppad plaastoe vanaf Stellenbosch, met Ma wat saamry vir geselskap, droom ons oor die dag as Soul Food 'n werklikheid kan word. Met ons droom ry ons verby Die Berg Vrugteverwerking (Intaba) en vra ek, "Hoekom koop ons nie die vrugte aanleg nie? Ons gedagte was dat dit kan inpas by ons besigheidskonsep.

Met Soul Food steeds in die agterkop begin die beplanning om op die seiljagte in Frankryk te gaan werk om geld bymekaar te maak om Soul Food skuldvry te begin. Die laaste dag van my akademiese loopbaan kry ek 'n oproep uit die bloute van my Pa, Kobus, "Stel jy belang as ons Intaba koop?". So word die eerste saadjie van FruitLips geplant.

Die volgende stap was om 'n uitnemende span bymekaar te kry met kennis en ervaring van produksie, op grootskaal kook en van geldsake het ek te min kennis gehad, so my spanlede moes die gapings vul. Elouise Josephs, wat al meer as 10 jaar vir Intaba Vrugteverwerking gewerk het met baie ervaring, ook 'n gebore bergkind soos ek, vra ek toe as die eerste venoot. My Ma was 'n natuurlike keuse, vir hulp by die finansiële bestuur en strategiese beplanning. As Geleentheids Koördineerder en opgeleide ICA leerling en die USB diploma was ek reg vir die uitdaging.



FruitLips is 'n passie wat ek en Elouise Josephs deel. Ons strewe is om produkte te maak waarin die met-liefde-gemaak geproe kan word, as voorvereiste. FruitLips se fokus is produkte soos wat Ouma's dit in plaaskombuise gekook het. Honderd persent vrugte met geen bygevoegte kleursel, geursels of perserveer middels nie. Alles in FruitLips produkte is natuurlike bestanddele wat handgemaak is. Al verskil is dat alle produkte op die hoogste voedselveiligheidsstandaarde voorberei word, op die standaard van die voorste supermarkte in Suid-Afrika en Engeland.

Die publiek kan die totale siklus van produksie sien, proe en beleef. Die proses begin by die vrugte se pluk tot die produk op die rak staan, gereed vir kliënte om dit te koop. Daarom word FruitLips en Achtervlei se tuine ingerig om toergroepe te kan akkomodeer, om sodoende die vars Piket-Bo-Berglug in te asem en te peusel aan vars plaasbrood met FruitLips se produkte wat die ervaring komplimenteer.

FruitLips se kliënte basis bestaan uit drie baie bekende handelsmerke, gespesialiseerde koffiewinkels soos The Larder, padstalle en restaurante soos The Deli Shed en The Country Yard Café. Binnekort gaan geselekteerde produkte van FruitLips ook op Yuppie Chef se webwerf beskikbaar wees.

Die personeel van FruitLips is meestal bergkinders. FruitLips skep aan jongmense van Piket-Bo-Berg geleenthede om by 'n sekondêre landbou betrokke te raak. Die personeel bestaan uit 12 medewerkers, met 'n gemiddelde ouderdom van 32 jaar.

Die strategie is om 'n natuurlike produk te lewer van 'n uitstekende gehalte. Fase een is om die Suid Afrikaanse mark goed te vestig en die tweede fase is uitvoere na die Afrika mark.

Soul Food sal die volgende projek wees wanneer FruitLips 'n gesonde wins realiseer.

**LIBRÉ EIGELAAR**

## VERBRUIKERSTUDIES OLIMPIADE

Die Koejawel Produsente Vereniging is weereens deel van die Verbruikerstudie Olimpiade. Die Vereniging, wat een van die stigterslede van hierdie Olimpiade 25 jaar gelewe was, kon vir twee jaar nie sy borgskap bybring nie. Verbeterde finansiële toestande het dit egter nou weer vir die Vereniging moontlik gemaak om deel te wees van die Olimpiade en daardeur koejawels generies te promoveer.

Die Olimpiade word die afgelope twee jaar vanaf die Universiteit van die Vrystaat uit Bloemfontein geadministreer. In 2015 het 4316 leerders van meer as 194 skole deelgeneem aan die Olimpiade. Daar heers groot opgewondenheid om die Olimpiade te laat groei en belangstellende skole word al meer.

Daar is van hierdie jaar af 'n tweede splinternuwe Olimpiade - Gasvryheidstudies Olimpiade begin. Daar is slegs net 340 skole landswyd wat Gasvryheidstudies as 'n skoolvak aanbied. Hulle wil graag help om ook aan daardie leerders die geleentheid te gee om hul vakkennis te verbreed. Die Departement Verbruikerswetenskap gaan ook hierdie jaar al die landswye Vakadviseurs uitnooi (ongeveer 80 dames) om ook die prysuitdeling by te woon.

Daar is ook groot dankbaarheid vir die Koejawel Produsente Vereniging se jaarlikse bydrae en ondersteuning. Die vertroue is dat hierdie kompetisie ook beter gehalte leerder ontwikkel wat 'n positiewe bydrae sal maak tot ons land se Voedselbedrywe.

Die jaarlikse prysuitdeling aan die weners vind plaas op 11 Oktober 2016 by die Universiteit van die Vrystaat. Hierdie geleentheid sal deur leerders van skole oor die hele land bygewoon word en die Bestuurder is genooi om 'n lesing aan te bied oor Voedselskoue.

*Fransie Van Tonder*

## DIESEL REFUND AMOUNT



According to the **Government Gazette No. 10584** the Farming, Forestry and Mining Industry is entitled to the following Diesel refund amount:

108 cents per litre fuel levy on 80% of eligible purchases, plus 154 cents per litre Road Accident Fund levy on 80% of eligible purchases equalling 262 cents per litre on 80% of the total eligible purchases.

**AGRI SA**